

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - LAST WEEK		BY DIE GELD PUIT OPSIE				
	2018/04/23	2018/04/20		2018/04/16			WM	YM		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data				
DJA-index	24665	-83.00	-0.3%	24748	0.7%	24483	JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 044.00	R 2 133.00	
Goud (Spot)	1334.56	-7.66	-0.6%	1342.22	-0.9%	1346.3	PUT TREFPRYS	R 2 060.00	R 2 140.00	
Brent \$/vat	74.07	0.28	0.4%	73.79	3.1%	71.85	PUT PREMIE	R 85.69	R 79.64	
1 € / US\$	1.2274	-0.01	-0.6%	1.2342	-0.5%	1.2331	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 974.31	R 2 060.36	
1 US\$ / ZAR	12.09	0.128	1.1%	11.96	0.1%	12.07				
Corn	R 1 798.82	19	1.1%	R 1 779.78			*CBOT Corn Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day			
Wheat	R 2 074.22	18	0.9%	R 2 056.65			* CBOT Wheat Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day			
Soybeans	R 4 579.27	22	0.5%	R 4 557.15			* CBOT Soy Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						WEEK NR.	MIELIE UITVOERE			
Corn May 18	378.00	0.00	0.0%	378.00		50	WM	YM	TM	
Wheat May 18	467.00	-1.00	-0.2%	468.00			WEEK TOTAAL	15 564	3 444	19 008
Soybeans May 18	1031.00	-6.00	-0.6%	1037.00			JTD TOTAAL	749 913	1 414 018	2 163 931
PLAASLIKE MARKINLIGTING						Invoerpariteit	UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
SORGHUM May '18	3130.00	0.00	0.0%	3130.00	3592.42	1727.23	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	30%	76%	50%
WMAZ Spot	1970.00	2.00	0.1%	1968.00	3753.00	1584.00	TEMPO/WEEK BENODIG	875 044	217 991	1 093 035
WMAZ May 18	1996.00	5.00	0.3%	1991.00	3246.00	1584.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Jul 18	2046.00	12.00	0.6%	2034.00	3285.00	1623.00	WEEK TOTAAL			
YMAZ Spot	2068.00	9.00	0.4%	2059.00	3246.00	1584.00	JTD TOTAAL			
YMAZ May 18	2095.00	10.00	0.5%	2085.00	3246.00	1584.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS			
YMAZ Jul 18	2094.00	0.00	0.0%	2094.00	3285.00	1623.00	% GELEWER VAN OES			
SOY Spot	4563.00	-19.00	-0.4%	4582.00	6241.00	4019.00	TEMPO/WEEK BENODIG	-	-	-
SOY May 18	4588.00	-20.00	-0.4%	4608.00	6241.00	4012.00	KORING INVOERE			
SUN Spot	4597.00	-58.00	-1.2%	4655.00	5735.00	4000.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM	
SUN May 18	4603.00	-28.00	-0.6%	4631.00	6241.00	4012.00	WEEK TOTAAL	-	-	45 000
WHEAT Spot	3828.00	0.00	0.0%	3828.00	4213.00	1808.00	JTD TOTAAL	1 157 865	386 999	824 388
WHEAT May 18	3847.00	17.00	0.4%	3830.00	4613.00	2085.00	TOTAAL BENODIG	2 050 000	930 728	1 622 999
WHEAT Jul 18	3882.00	18.00	0.5%	3864.00	4698.00	2168.00	JTD AS % VAN BENODIG	56%	41.6%	51%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Vrydag was die rand swakker, nadat hy sterker vir die eerste helfte van die week verhandel het as gevolg van positiewe plaaslike ekonomiese data. Die swakker rand Vrydag was as gevolg van 'n versterking van die dollar en die stygende Amerikaanse tesourie-opbrengste. 'n Sterker dollar teen die einde van die week, wat deur die naweek geduur het, het druk op ontluikende markte geplaas. Die swakker rand kan kortstondig wees, aangesien Statistiek SA vandeeweek belangrike ekonomiese data soos die produsenteprysindex en nywerheidsdata sal vrystel, wat die rand kan ondersteun. Tans verhandel die rand teen ongeveer R12,08 teenoor die dollar, wat relatief onveranderd is vanaf Vrydag-middag. Suid-Afrika se ekonomie tel tans op met 'n verlangsaming in prysstygings, maar dit kan binnekort verander namate prysstygings verwag word, aangesien die SARB se inflasie vooruitsigte vir die volgende 18 tot 24 maande met sowat 5% hoër is.

Mielies: VSA mieliepryse het laer geëindig, en het 'n afname van 2,5% vir die week getoon. Mieliepryse verhandel tans teen sy laagste sedert 28 Maart, met albei belangrike kontrakmaande wat laer is. Die aanplantings aktiwiteit blyk die dryf in mieliepryse te wees met die 10-dae weervoorsigte van die Midweste wat blyk om droog te bly, wat die aanplantings tempo sal laat optel. Daar is egter ander gebiede wat 'n geringe moontlikheid van reën toon, soos Indiana en Ohio, maar die vooruitsig dui daarop dat daar geen rede is om enige kommer te hê oor mielie aanplantings nie. Produsente verkope sal na verwagting stadig in die nabye toekoms bly, aangesien die plantseisoen in volle gang is. Elders sal die produksie in China na verwagting in 2018 met 1,1% hoër wees. Die 2018-mielie aanplanting in Frankryk is ook aan die gang en word tans beraam op 6% voltooit, 1% hoër as die vorige week. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse mieliepryse het Vrydag effens hoër gesluit. Verlede week se verhandeling is grootliks beïnvloed deur die bewegings van die plaaslike geldeenheid. Wit- en geelmielie spotpryse het relatief klein winste getoon terwyl latere kontrakmaande effens hoër was. Onlangse reën in die mielieproduksie-streke sal waarskynlik die land se produksie effens ondersteun, maar dit sal bevestig word in die jongste produksieskatting van die Oesskattingkomitee wat Woensdag vrygestel sal word.

Sojabone: Sien die Weeklikse Oliesade Markkomentaar

Koring: VSA koringpryse het groot verliese vir alle koringkontrakte getoon en het 2,7% laer gesluit as die vorige sessie en 1,9% laer vir die week. Koring het verlede week onder druk gekom, te midde van wydverspreide voorspellings vir reën in die Pleine, wat kommer oor potensiele opbrengsverliese verlig het. Dit kom nadat toenemende kommer oor droë weer in die belangrike produksiegebiede plaasgevind het, wat die gewasstoestand wat tans op 31% goed / uitstekend geklas word, beïnvloed het. Lente koring termynkontrakte het ook met dubbelyfers gedaal te midde van gunstige aanplantings toestande. Lente koring aanplanting is tans 3% voltooit, met 3 van die 6 state waar lente koring aanplanting aansienlik voor is met die aanplantingsvordering. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse koringpryse het hoër geëindig en ignoreer die laer internasionale pryse, maar het gestyg as gevolg van 'n swakker rand. Die koring spotpryse was egter die uitsondering en het die dag onveranderd op R3 828 per ton geëindig terwyl ander kontrakmaande goeie winste getoon het.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone en Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

